KOMMUNIKAMMA 5 JULIE 2020

Kontakpersone, indien u meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:
U blokouderling of -diaken
Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Dr Deon Els: 072 276 7555; els_deon@yahoo.com
Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

TEKS VIR DIE WEEK

Jesaja 58:11.

"Die Here sal jou altyddeur lei; selfs in dor streke sal Hy in jou behoeftes voorsien. Hy sal jou sterk maak. Jy sal wees soos 'n tuin met volop water, soos 'n fontein waarvan die water nie opdroog nie."

SAKE VIR GEBED:

- Die Oos-Kaap is getref met 'n ernstige vlaag van die Covid 19 Pandemie. Baie mense is baie siek en die hospitale en mediese personeel word toegegooi onder die druk. Ons glo dat God vir hulle deursettingsvermoë sal gee. Hulle doen meer as wat van hulle verwag word. Ons dank God vir wonderlike toegewyde gesondheidspersoneel en bid dat Hy hulle veilig sal hou.
- Loof God vir al die baie mense wat gesond geword het. Ons God is groot en goed.
- Dit gaan goed met die skole waarin ons kinders is. Meeste van ons kinders het goed by die veranderde omstandighede aangepas. Bid vir die veilige terugkeer van meer grade hierdie week.
- Dit is baie droog in die Oos-Kaap en ons damme is besig om leeg te loop. Bid dat God ons pleidooie vir milde reën sal verhoor.
- Ons bejaardes in die aftree-oorde, tuis, wat bedlêend is en die wat op hul eie bly. Van hulle sukkel regtig met die isolasie. Die eensaamheid is party dae te veel vir hulle. Dink aan hulle in julle gebede.
- Janke van Huysteen gaan Maandag vir 'n enkel-operasie.
- Piet en Sonja Spies sukkel altwee met hul gesondheid en sy broer, Johan, is Vrydagoggend oorlede
- Johan, Willie Bezuidenhout se seun, wat aansterk na 'n operasie.
- Bathaba is voorsien van 'n nuwe selfoon en rugsak van 'n anonieme persoon. Dankie Vader vir U genade.
- Die Voedsel-Hulp by PE Noord gaan elke week voort. Ondersteun asseblief die projek.
- Dink ook aan die mense wat in hierdie moeilike omstandighede hulle werk en heenkome verloor het. Bid vir God se genade en uitkoms.
- Ons sendelinge werk in baie moeilike omstandighede, maar hulle bring steeds bemoediging, vertroosting en ondersteuning.

There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:

Bid saam met die Christenbekeerlinge in **Turkmenistan** vir die veiligheid en beskerming van hul huiskerke.

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

Die kerkraad het besluit om nie te begin met eredienste in die kerkgebou nie. Die besluit sal hersien word indien dit nodig is. Alternatiewe maniere van bediening sal ondersoek word.

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 5 Julie

EREDIENSTE

Eredienste word beskikbaar gestel op Kraggakamma gemeente se webblad, facebookblad en YouTube kanaal. Maak asb. seker jy "SUBSCRIBE" sodat jy niks sal mis nie. Inligting en skakels na boodskappe word ook op die webblad beskikbaar gestel.

Dinsdag 7 Julie

18:00 Leef@Kerk Zoom sessie met die tieners. Kontak Deon vir meer inligting.
Aflaai van voedselhulp aan PE-Noord. Kyk afkondiging hieronder.

Woensdag 8 Julie

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 13:00 oop wees. Maak 'n afspraak, by Niekie (082 561 8747), indien jy kerkkantoor toe wil kom. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie**. Volg asb die regulasies.

GEMEENTEBIDUUR

Ons hou elke Woensdagaand om 18:00 'n gebedsgeleentheid op Zoom. Kontak asb met Niekie indien jy wil inskakel en saambid.

Vrydag 10 Julie

MANNEGROEP

05:30-06:30 Mannegroep op Zoom. Besonderhede sal op die Kraggakamma Manne Wattsapp groep uitgestuur word. As jy nog nie op die groep is nie en wil inskakel, kontak met Elandre Bosch by sel: 084 812 4645. Alle manne welkom om te kom saamkuier.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

5 Julie	Christine Bosch, Benji Erasmus, Bebs Jooste en Elsa Roets
6 Julie	Christine Brits en Helena Roos
7 Julie	Robert Capes, Gert Oosthuizen, Martie Steenkamp, André van Heerden, Trevor Oosthuizen en Brendon Wright
8 Julie	Alette Aylward en Yvette Geldenhuys
9 Julie	Arno Crouse, Waldo Crouse, Ischke Kotze, Zalita le Roux, Edgar Niit, Kattie Swart en Willie van der Merwe
11 Julie	Sampie Nieuwoudt, Theo van der Merwe en Ruan van Onselen

DIGITALE SPAN

Daar is geen twyfel dat die digitale bediening gekom het om te bly nie.
Is daar iemand wat op hierdie diensgroep wil help? Kontak asb vir Niekie.

SPANNE WANNEER EREDIENSTE HEROPEN

Wanneer eredienste hervat, benodig ons ten minste twee spanne in die gemeente - een vir die ontsmetting van die gebou en een vir die verwelkoming van lidmate en bestuur van toegang tot die erediens ("screening").
Mense wat hier wil dien, kan ook met Niekie skakel.

HULP AAN PE-NOORD

Ons ondersteun NG Kerk PE Noord in hul bediening om voedsel te voorsien aan 278 gesinne wat broodgebrek ly. Dankie vir almal wat reeds kos of kontant geskenk het. Daar is 'n mooi klomp kos geskenk en, teen Woensdag 1 Julie is reeds R 75 050 inbetaal. Ons wil PE Noord bly ondersteun. Ons probeer so 30 gesinne per week help. Skenkings kan elke Dinsdag by Piet en Sonja Spies (Cassiarylaan 82) en tussen 17:00-19:00 by Ds MG (Asterlaan 16) afgelaai word. U kan ook inligting op ons webblad kry. Kontant donasies kan in die kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord. Vir meer inligting, kontak Sonja Spies by 084 516 4925.

DANKOFFER

Die eerste 4 maande van ons nuwe finansiële jaar is verby en ons kon ons noodsaaklikste uitgawes betaal. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae.
Ons het erediensdankoffers en nou ook vir eers die kermis as groot bron van inkomste verloor. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien.
Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening inbetaal word of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005

ADVERTENSIEBLAD

Ons gaan 'n advertensieblad saamstel om gemeentelede kans te gee om hulle besighede tydens die inperking gratis te adverteer. Gemeentelede wat wil adverteer, kan 'n e-pos aan Niekie stuur by kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za. Die advertensies sal op whatsapp en facebook uitgestuur word. Die inligting sal ook in die weeklikse kommunikamma verskyn.

Conrad Pienaar van CHS Training bied die volgende dienste aan:

- Veiligheid en gesondheid dienste rakende nakoming van wetgewing soos byvoorbeeld - COVID19 werksplek gereedheid
- Veiligheid en gesondheid opleiding soos basiese brandbestryding, COVID19, noodhulp, veiligheid ens.
- Mediese evalueering en COVID19 werkplek sifting ens.

Kontak: conrad@chstraining.co.za of 060 587 5606.

- -

Cornel Strydom van Debt Review Centre

Cornel bied die volgende dienste gratis aan alla gemeentelede aan:

1. Persoonlike Krediteure

Hier help ons individue met hulle persoonlike skuld. Daar is verskeie opsies tot hulle beskikking waarmee ons hulle kan adviseur. Dit strek vanaf self-help vir korttermyn probleme tot skuldberading vir die meer ernstige gevalle. Ons sal eers met die persoon elektronies of telefonies konsulteer om beter begrip te kry van hulle huidige finansiele posisie waarna ons hulle beter kan adviseur. Sou hulle meer inligting wil kry oor ons firma of ons dienste is hulle welkom om ons webwerf www.debtreviewcentre.co.za te besoek.
Anders kan hulle my kontak op 082 460 2049 of cornel@debtreviewcentre.co.za sou hulle enige advies nodig het.

Daar is geen kostes verbonde hieraan nie aangesien hierdie deel vorm van ons gemeenskap ondersteuningsprojek vir die jaar.

2. Besighede / Besigheidseienaars

Ons verleen ook hulp aan besighede. Daar is verskeie opsies vir besighede om hulle krediteure onder beheer te hou gedurende hierdie moeilike tyd. Ons dienste strek vanaf tussentydse finansiele konsultant tot formele besigheidsredding. Voor ons kan advies lewer konsulteer ons met die kliënt elektronies of telefonies om die besigheid se posisie te bepaal, waarna ons vir hulle advies kan lewer.

- -

Bellathea Velsorgprodukte

Ons reekds word geïnspireer deur 'n gesonder leefstyl en natuurlike velsorgprodukte, wat bekostigbaar is vir almal.
Kontak besonderhede:
Cherie Kruger
Bellathea (Pty) Ltd
1 Glenwood Avenue, George, 6529
Email: cherie@bellathea.co.za
Web: www.bellathea.co.za
Cell: 0814937922

- -

Annique Gesondheids-, Velsorg- en Leefstylprodukte
Anniqueprodukte is alom bekend vir die rooibostee wat in al hulle produkte voorkom.
Vir velsorg, gesondheid of leefstyl navrae kontak my gerus.
Kontak besonderhede:
Niekie Oosthuizen
082 561 8747
loosthuizen@axxess.co.za

- -

Crisis On Call, Ernie Deyzel
Ons praat namens jou wanneer jy nie kan nie. Al jou mediese- en persoonlike inligting word op ons databasis gestoor. Ons bied ook padbystand en reismonitering.
Vir meer besonderhede, stuur SMS met (EPE, jou naam en e-posadres) na 48950, of stuur whatsapp na: Ernie Deyzel, 0828012444.